Jou wêreld aan jou voete!

SNELRAT: Wanneer Dave Gear nie in die klaskamer staan nie, wys hy vir toeriste die geografiese wonders van Johannesburg se myne

Dave Gear

Dave, wat in 1948 in Johannesburg gebore is, ken en is baie lief vir die stad en bedryf toere in sy vrye tyd. Hy het aan die St John's College gematrikuleer en geografie aan Wits en Unisa studeer. Hy was in 1970 die stigtersvoorsitter van die SA Students' Geography Association en was van 1977 tot 1980 die voorsitter van die Association of Geography Teachers. Hy het verskeie reekse geografieboeke gepubliseer en het as ondervoorsitter van die Geography Standards Generating Body gedien. Hy was onlangs by die Matric 2nd Chance-program betrokke en is tans die direkteur van die Thandulwazi Saturday Science School by St Stithian's College.

Pule Rakgoathe



DIE WEERMAN: Ons Aardrykskundige, Pule Rakgoathe, doen wat hy sê.

Pule Rakgoathe het aan die Masedibu High School in Limpopo gematrikuleer. Nadat hy sy BA-graad aan die Vista Universiteit behaal het, het hy in 1984 as onderwyser gekwalifiseer. Hy het aan Wits verder studeer waar hy sy B Ed en M Ed grade in 1995 en 1998 behaal het. Hy het sy onderwysloopbaan in 1995 aan die Light Study Centre begin en het later na die Seanamarena High School in Soweto verskuif waar hy die departementshoof vir Sosiale Wetenskappe was. As gevolg van sy passie vir geografie het sy leerders tydens sy onderwysloopbaan verskeie onderskeidings in geografie behaal. Paul was ook in 2005 en 2006 by die Gauteng Onderwysdepartement se Secondary School Improvement Project (SSIP) vir skole in Distrik 11 wat nie na wense presteer het nie, betrokke. Daarna het hy die eerste Sepedi-weeraanbieder op SABC 2 geword. Hy het geografie ook op die Matric 2nd Chance satellietuitsendings aangebied vir die 2008-matrieks wat hul eksamen in Mei/Junie vanjaar afgelê het.

Nou weet jy waarom sy gesig so bekend lyk!

HARE UIT DIE KOP UIT! Die druk van die voorbereiding vir die matriekeksamen haal die leerders van die Bhukulani Secondary School in Zondi, Soweto, in.

Bestuur jou tyd tydens die eksamen

Die geografie-eksamen bestaan uit twee vraestelle: Vraestel 1, Teorie (3 uur, 300 punte) en Vraestel 2, Prakties (1½ uur, 100 punte). Dit is belangrik om jou tyd goed te bestuur sodat jy die hele vraestel sal kan voltooi. Moenie té veel oor die werk skryf wat jy goed ken en dan ander vrae uitlaat nie. Sorg dat jy 20 minute voor die aanvang van die eksamen in die eksamenlokaal is sodat jy kan rustig raak. Lees die vraestel sorgvuldig deur en besluit watter vrae jy wil beantwoord voordat jy begin skryf.

Vraestel 1 (Teorie): Daar is vier vrae, maar jy moet NET DRIE beantwoord. Jy kan kies of jy twee vrae uit Afdeling A en een vraag uit Afdeling B wil beantwoord en OF jy twee vrae uit Afdeling B en een vraag uit Afdeling A wil beantwoord. Elke vraag tel 100 punte. Gebruik ongeveer een uur per vraag.

Vraestel 2 (Geografievaardighede en -tegnieke): Beantwoord AL die vrae. Bestee ongeveer 25 minute aan Vraag 1 (meerkeusevrae) en ongeveer 65 minute aan die res van die vraestel.

VRAESTEL 1: Teorie (300 punte, 3 uur)

Vraestel 1 behels twee afdelings, Fisiese Geografie en Menslike Geografie met twee vrae in elke afdeling (onthou dat jy slegs drie van hierdie vier vrae moet beantwoord). Let daarop dat fisiese geografie gewoonlik presiese kennis vereis, terwyl menslike geografie die vermoë vereis om te interpreteer en te verstaan. Maak jou keuse op grond van die afdeling waarin jy die beste vaar.

Afdeling A: Fisiese Geografie – Klimatologie en Geomorfologie

Jy moet die woordeskat ken wat in hierdie afdeling gebruik word – bestudeer jou aantekeninge en maak seker dat jy weet wat alle terme en akronieme wat gebruik word beteken. Bestudeer die bronne sorgvuldig. Vir elke bron, of dit 'n foto, kaart, grafiek of teks is, vra jouself die volgende af: "Waaroor gaan dit? Wat beteken dit vir my? Met watter deel van my teoretiese kennis hou dit verband?" Lees al die opskrifte en byskrifte sorgvuldig deur. Wanneer jy vir die eksamen voorberei, kyk na die verskillende kaarte in jou aantekeninge en handboeke, en maak seker dat jy weet waar in Suid-Afrika die kaarte pas.

Moenie verras wees as jy 'n hulpbron kry wat jy nog nooit gesien het nie. Die eksaminatore doen dit met opset: hulle wil weet of jy jou kennis kan gebruik en nie net alles uit die kop leer nie. Ja, jy moet die definisies en ondersteunende feite leer. Jy het miskien die hellingdiagramme van die Magaliesberg bestudeer, maar dieselfde geld vir hellings in die Drakensberg of die Kaapse Plooiingsberge. In hierdie afdeling sal jy gevra word om jou idees te verduidelik.

Dit kan in baie gevalle die beste met 'n diagram gedoen word. Jy hoef nie 'n kunstenaar te wees om goeie diagramme te teken nie. Hou jou diagramme eenvoudig, gebruik kleure en benoem die diagramme netjies en akkuraat. Maak seker dat jy die volgende ken: drukgordels, winde wat langs die drukgradiënte waai, tropiese en middelbreedtesiklone, subtropiese antisiklone en die gevolglike weerpatrone. Onthou dat middelbreedte siklone deur fronte geïdentifiseer word (gewoonlik 'n koue front wat nader aan die Kaap beweeg), terwyl 'n tropiese sikloon gewoonlik deur die sirkelvormige isobare aan die oostekant van die land (met die simbool van 'n oog en of 'n naam in die middel) uitgeken word. Ken die dwarssnit-aansigte van hierdie stelsels en die invloed wat die stelsels op die gebiede uitoefen waaroor dit beweeg. Onthou dat 'n H op 'n sinoptiese kaart 'n hoëdruksel aandui. Die naam van die sel sal daarvan afhang of die sel oor die binneland (Kalahari HD), aan die oostekant oor die see (Suid-Indiese HD), of aan die westekant oor die see (Suid-Atlantiese HD) geleë is.

Maak seker dat jy Suid-Afrika se weerpatrone en plaaslike klimaat ken. Vir fluviale prosesse moet jy dreinering, landvorms, massabewegings en bedreigings verstaan. Jy moet in staat wees om tussen die verskillende tipes riviere te onderskei en jy moet die sleutelaspekte wat met rivierstelsels verband hou, en die verskynsel van stroomroof, ken. Jy moet inligting op 'n hidrograaf kan interpreteer, tussen verskillende tipes landvorms kan onderskei en hellings en massabewegings kan beskryf.

Afdeling B: Menslike Geografie

In hierdie afdeling kry jy meer geleentheid om jou eie opinie te gee. Die meeste vrae in hierdie afdeling sal begin met: "Waarom ...", "Verduidelik..." of "Bespreek...". Hierdie vrae kan meer as een korrekte of aanvaarbare antwoord hê – jy moet dus nooit 'n vraag uitlaat omdat jy nie seker is wat om te skryf nie.

Jy moet landelike en stedelike nedersettings en die verbandhoudende aangeleenthede ken (die onderskeid tussen die twee lê meer klem op die funksie as enigiets anders). Bestudeer die diagramme wat verskaf is sorgvuldig en onderstreep die sleutelwoorde. Jy moet weet hoe die verskillende ekonomiese sektore soos die primêre, sekondêre, tersiêre en kwaternêre sektore tot die ontwikkeling van Suid-Afrika bydra. Die rol van die verskillende industrieë en die regering in die ontwikkeling van die provinsies is belangrik. Dit hou verband met water as 'n kritieke hulpbron en met vervoer wat ekonomiese ontwikkeling bevorder. Jy moet in staat wees om die bruto binnelandse produk, bruto nasionale produk , handelsbalans en betalingsbalans te omskryf.

VRAESTEL 2: Prakties – Geografievaardighede en -tegnieke (100 punte, 1½ uur)

In hierdie vraestel word daar van jou verwag om foto's, topografiese en ortofotokaarte te lees, te ontleed en te interpreteer. Jy moet ook oor 'n mate van kennis van Geografiese Inligtingstelsels beskik.



Die geheim van hierdie vraestel lê in die volgende:

1. **Akkuraatheid (omdat jy meting en berekenings gaan gebruik); en**
2. **Kennis van konvensionele tekens wat op kaarte gebruik word om kenmerke aan te dui.**

Maak seker dat jy al die regte toerusting vir die kaartwerkvraestel het: 'n 30 cm-liniaal met duidelike eenhede, 'n pen, 'n gradeboog, kleurpotlode, HB-potlode, 'n uitveër, tou en 'n sakrekenaar.

Jy sal 'n 1:50 000 topografiese kaart en 'n lugfoto ontvang. Jy kan dalk ook 'n ortofoto met 'n skaal van 1:10 000 kry wat 'n gedeelte van dieselfde gebied dek as wat op die topografiese kaart verskyn. Voordat jy begin skryf, bestudeer eers die kaart en die ortofoto. Watter deel van die kaart word deur die ortofoto gedek? Waar is die hoogste en laagste punte? Waar in Suid-Afrika is hierdie gebied? In watter rigting vloei die riviere? Watter ekonomiese aktiwiteite vind hier plaas? Hierdie vraestel kan in drie belangrike dele verdeel word: die eerste groep vrae sal waarskynlik meerkeusevrae wees en toets basiese kaartvaardighede soos skaal en rigting. Jy sal ook gevra word wat die verskillende simbole en syfers beteken.

By die tweede groep vrae moet jy berekenings doen, soos gradiënt en oppervlakte bereken en jy moet dwarssnitte maak en interpreteer. Onthou, om die afstand in km te bepaal, moet jy in cm meet en die antwoord met 0,5 km vermenigvuldig. Wanneer jy magnetiese peiling meet moet jy altyd by ware Noord begin en in 'n klokgewyse rigting meet. Die magnetiese peiling = ware peiling + magnetiese deklinasie. Om 'n plek se koördinate te bepaal moet jy die lengte- en breedtegrade in grade, minute en tiendes van minute (of sekondes) meet. Hoogtes op kaarte word in meter aangedui en dit word vanaf kontoerlyne, punthoogtes en driehoeksbaken afgelees. Jy moet die formule vir die berekening van die gradiënt ken. Jy moet in staat wees om 'n dwarssnit te teken en die onderlinge sigbaarheid van die plekke op 'n skets wat jy geteken het kan bepaal. Jy moet weet hoe om die vertikale vergroting van jou dwarssnit te bereken.

By die derde groep vrae sal daar van jou verwag word om inligting te interpreteer. Jy mag dalk gevra word waarom 'n bepaalde area geskik is vir 'n gholfbaan maar nie vir 'n woongebied nie.

Die vierde groep vrae handel oor gevorderde karteringstegnologieë soos GIS. Dit word in die handboek bespreek en die vrae daaroor is nie moeilik nie. Verseker dat jy die definisies ken en jy sal goed vaar.

Waarom geografie bestudeer?

Waarom geografie bestudeer?
Geografie is die geïntegreerde studie van fisiese en menslike prosesse en ruimtelike patrone op die aarde binne tyd en ruimte. Die studie van geografie rus leerders toe met kennis, vaardighede en gesindhede wat hulle goed in hul latere lewens sal kan gebruik. Leerders wat hierdie vak neem kan beroepe in geologie, geomorfologie, stads- en streekbeplanning, onderwys, klimatologie, omgewing en toerisme en weervoorspelling (radio en televisie) volg.

education
Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

The Star